

Publication: SonWes (Sport)
Publication Date: 19 Oct 2017
Page: 32

AVE: 52520.47
Circulation: 73757
Part: 1 of 1

# MANYONGA NOU IN BAAI GESETEL

**ADNAAN MOHAMED**

LUVO Manyonga wil net nader aan sy familie wees en graag 'n verandering aanbring in sy oefen-lokaal.

Dít is volgens Lee-Roy Newton, die agent van die huidige wêreldkampioen in die verspring vir mans, die hoofrede waarom Manyonga besluit het om van die Universiteit van Pretoria na Port Elizabeth te verhuis.

Die Olimpiese silwermedalje-wenner is afkomstig van Komani en hy wil graag naby sy familielede wees..

Newton het in 'n verklaring gesê: "Ons het nie onmiddellike planne beraam vir komende byeenkomste nie.

"Ons wil vir eers al ons aandag toespits op oefening.

### Afgehandel

"Planne sal rondom volgende jaar se groot byeenkomste en kompetisie gemaak word.

"Inligting wat verband hou met afrigtingspersoneel in Port Elizabeth sal op 'n latere stadium bekend gemaak word nadat ons ons beplanning afgehandel het."

TuksSport het 'n sleutelrol gespeel om Manyonga te help om sy dwelmprobleem met tik af te skud sodat hy weer aan kompetisies kon deelneem.

Die 26-jarige boorling van Mbekweni in die Paarl was vir 18 maande geskors nadat hy in 2012 positief getoets is vir 'n verbode middel.


Tuks se sportafdeling het gister laat blyk dat dit 'n opwindende tyd vir almal by TuksSport was wat met Manyonga gewerk het.

Toby Sutcliffe, die waarnemende uitvoerende hoof van TuksSport, sê hulle het saam met Manyonga die grense van internasionale verspring geskuif.

Manyonga het vanjaar met van die wêreld se beste spronge in jare vorendag gekom.

Hy het 'n allemintige 8,65 m gespring en in die proses 'n nuwe SA rekord opgestel. Hy beoog om volgende jaar aan die Statebondspele op die Gold Coast in Australië deel te neem.

Dié verspringer is onlangs saam met Wayde van Niekerk en Caster Semenya benoem vir die Internasionale Amateur-atletiekfederasie (IAAF) se gesogte toekenning vir die atleet van die jaar.




**SUPERSTER: Luvo Manyonga, die wêreldkampioen in die verspring, het besluit om van Pretoria na die Baai te skuif.**
**Foto: GALLO IMAGES**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.